Geagte Ouers

Dit is vanselfsprekend dat ons almal deur COVID-19 geraak word. Ons moet die uitdaging die hoof bied en in hierdie verband moet ek 'n paar belangrike sake onder u aandag bring:

1. Ons het reeds 12 skooldae verloor, daar lê nog 10 voor en om eerlik te wees, ons mag selfs meer verloor. So kom ons aanvaar die uitdaging – wat hierdie virus ook al oor ons pad bring, ons sal dit met mag en mening die hoof bied!
2. Sunridge se personeel is positief, hulle werk reeds die afgelope 12 dae en is 5 dae per week van 08:00 tot 15:30 tot u beskikking.
3. Hulle ken u kind, hulle ken u kind se sterk en swak punte en hulle is die enigste mense wat met u kan saamwerk en begrip vir u kind se ware behoeftes het.
4. Ons werk met kinders en ons moet ook sorg dat hulle 'n positiewe ingesteldheid handhaaf. Ons kan hulle nie met berge werk en allerhande nuwe dinge wat beskikbaar is, oorweldig nie.
5. Dit beteken nie daar is nie goeie dinge beskikbaar nie, ons sê net u moet dit met baie omsigtigheid benader. Die probleem is dat almal nou skielik onderwysers is en beter weet. Dit is van geen hulp vir die onderwysers wat reeds 'n diens lewer en aan die einde van die dag verantwoordelik gehou gaan word nie.
6. U word daagliks gebombardeer met 'n duisternis nuwe werk, programme, lesse, ondersteuning, toepe, ens. Skielik is daar honderde kenners oor onderrig en wat om aan te bied, hoe om dit aan te bied en wat die toekoms inhou. Dit is eenvoudig - die een wat gaan werk en 'n noodsaaklike rol gaan speel, is u kind se huidige onderwyser, dieselfde onderwyser wat tot u beskikking is en wat voor die klas gaan staan wanneer ons terugkeer.
7. Ons personeel is tans besig met lees, evaluasies en opleiding oor verskillende onderwerpe en met werk wat tot u beskikking gestel word, moet u net kalm, positief en gefokus bly. As u nie weet nie, vra – en dit is heeltemal in orde om vir ondersteuning te vra.

Ons Uitvoerende span is aan diens d.m.v. elektroniese konferensievergaderings en hulle verskaf leiding aan personeel en beplan vir wat ook al die toekoms inhou.

Ons moet al ons personeel in diens en aktief betrokke hou, ons moet werk, ondersteuning en opleiding verskaf vir die dag wanneer ons terugkeer. Om skoolfooie te betaal, is nie net die regte ding om te doen nie, maar dit is ook 'n belegging vir die dag wanneer ons terugkeer. Dit is belangrik dat al ons personeel fiks en gesond en gereed is vir die toekoms. Ek kan u verseker dat ons in kontak bly met ons algemene werkers – hulle word almal goed versorg, hulle kan nie wag om terug te keer nie, hulle wil u kinders dien. Ons almal weet egter ons moet wag tot dit veilig is en die tyd ryp is vir ons terugkeer.

Ons ken ons kinders en ons weet wat tot u beskikking is en daarom weet ons dat 75% van ons kinders met ondersteuning in staat sal wees om 2020 te slaag en na 2021 bevorder te word. Dit mag dalk nie die 90% akademiese gemiddeld wees wat sommige mense verwag nie, dit is in elk geval nie belangrik nie, maar om vir die volgende graad of fase gereed te wees, is nou die wagwoord.

Dit is ons taak om die 75% te ondersteun, MAAR ons grootste uitdaging is om ook die oorblywende 25% sover te kry om die standaarde met ondersteuning te behaal. Terwyl ons hulle help, moet ons

ook sorg dat die 75% ondersteun word om hul  bekwaamheid en standaarde op te skerp sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.

Dit is hiermee in gedagte dat ons aanhou werk het en u versoek het om positief en ondersteunend te bly en die uitdaging saam met ons te trotseer.  Ek weet dit is nie maklik nie, aangesien sommige ouers nog werk, ander het hul inkomste verloor en elke enkele persoon het uitdagings om die hoof te bied.

Ons bid vir almal van u, bly asseblief veilig in alles wat u doen en werk asseblief met ons saam.

Ons Top 10-presteerders vir Gr 4 – 7 vir die eerste kwartaal is hierby aangeheg. Laat dit vir sommige tot motivering dien, terwyl ander nog wag op die lys van algemene presteerders, wat nog nie gefinaliseer is nie. As jou naam nie op die lys is nie  - aanhouer wen!

Indien almal net daarop fokus  om met begrip te lees, is ek vas oortuig dat ons kinders almal as wenners uit die stryd sal tree. Indien hierdie aspek verbeter, kan ek u verseker dat die 75% leerlinge wat nou met ondersteuning gereed is om bevorder te word,  met ondersteuning tot 90% kan aangroei.

Ons heel eerste assessering sal lees en lees met begrip wees. U is dalk reeds op ‘n hoë vlak – ek kan u verseker dit is nooit hoog genoeg nie. Die onderwysers sal Gr 1 – 3 help en ondersteun en ons vra die ouers om saam te werk en die onderwysers se werk te help doen na die beste van u vermoë.

Indien ons al ons personeel kan behou, werk ons reeds daaraan om ons verhouding vir Gr 1 tot 3 van 1:34 na 2:34 aan te pas.  Gr 4 – 7 sal ook by terugkeer vind dat ons ‘n omvattende ondersteuningsprogram van stapel sal stuur. Die wagwoord is om te verseker dat u kind besef hoe belangrik dit is en om hulle positief en geesdriftig te hou. Dit op sigself is in sommige gevalle ‘n uitdaging – so kom ons rol die moue op!

Hiermee in gedagte moet ons noem dat mnr. Niël van Rensburg in Gr 5 aan die einde van April aftree.  Mev. Lindie Jonck sal by hom oorneem. Sy is ‘n ervare onderwyseres met ‘n baie sterk ondersteuningsagtergrond.

Wees veilig en bly positief.

M. de Vries
Skoolhoof